10

JAARGANG 23 | 25 JULIE 2025

KONINKRYKSTYD

# VRY POS

LOER | LEES | LUISTER | LEER

NG Kerk
Vrystaat



Celicia McLean

# REDAKTEUR

## BYDRAES EN NAVRAE

voor 12:00 Dinsdae na
**cmclean@ngkvs.co.za**

***Lig in die duisternis,***
*hier vir God, mekaar en die wêreld*

NG Kerk Vrystaat

## FOTO'S

Canva | Unsplash | Flickr | Pexels
Pixton | *Tensy anders vermeld*

## ARTIKELSKRYWERS

Mariëtte Odendaal | Magdaleen du Toit
Louwrens Scheepers | Andries Gous
Enrico Casaleggio | Ethan Kleynhans
Joe Müller | Hermie van Zyl
Lethabo Machabaphala | Hannes du Plessis
*Kerkbode* | *Bybel-Media* | *CLF* | *TOIBO* | *Engo*
*Bybelgenootskap SA* | *VrydagNuus, Kaapkerk*
*VBO-Prospektus*

## KONINKRYKSTYD

In Koninkrykstyd vier ons die heerskappy van Jesus as die Here, wat regeer op aarde. Ons dink ook daaraan dat Jesus sy dissipels uitgestuur het na die wêreld om sy Koninkryk uit te leef. Daarom is die seilboot 'n belangrike simbool, omdat dit dui op Jesus wat sy dissipels (die kerk) die wêreld in stuur. Ons verantwoordelikheid om die aarde te versorg asook geestelik te groei, is ook prominente temas in dié tyd en daarom is die kleur groen simbolies vir Koninkrykstyd, sowel as 'n aardbol (ekologie) en 'n boom (groei).

*Oorgeneem uit 2020 Dink Jeug*

## DAGBOEK DÍT

**Wees stil en weet Vroue-*retreat***
Vrouebediening
8 - 10 Augustus | Menuha

## VOLGENDE VRYPOS

Die volgende uitgawe van *VRYPOS* verskyn op **Vrydag 8 Augustus**.

Kyk gerus na ons **webblad-kalender** vir belangrike datums.

# INHOUD


## VRYPOS-FOKUS 03

VISIONERING
**Mariëtte Odendaal** | *160 Geseënde jare van Kerk-wees: Eertydse sinode-voorsitter, prof Lourens Erasmus vertel ...*

## ARTIKELS 06

**06** | VISIONERING
**Mariëtte Odendaal** | *Vroue-retreat: "Wees stil en weet"*

**07** | BEDIENINGSBEGELEIDING
**Magdaleen du Toit** | *Netwerk vir Spiritualiteit se nuwe sameroeper*

**08** | BEDIENINGSBEGELEIDING
**Magdaleen du Toit** | *Spirituele begeleiding: drie opleiers gesels*

**10** | BEDIENINGSBEGELEIDING
**Louwrens Scheepers** | *Spirituele begeleiding vir predikante*

**11** | VENNOTE IN GETUIENIS
**Andries Gous** | *DEGNOS*-dinge

**14** | VENNOTE IN GETUIENIS
**Enrico Casaleggio** | *Hoe reageer ons op die statistiek dat Islam vinniger as die Christendom groei?*

**15** | ALGEMEEN | TEOLOGIESE OPLEIDING
**Ethan Kleynhans** | *Tussen berge en mense*

**17** | ALGEMEEN | TEOLOGIESE OPLEIDING
**Joe Müller** | *Die stigting van die eerste Teologies-kategoriale Ring van die Vrystaat*

**18** | ALGEMEEN
**Mariëtte Odendaal** | *Tot siens, Carlie - ons gaan jou mis!*

## MEDIATEEK 20

**Boek - Hermie van Zyl** | *Sinopsis, van die eerste drie Evangelies*

## UIT DIE FAKULTEIT 22

**UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT**
**Lethabo Machabaphala** | *Mandela Day 2025: Theology That Touches Lives*

## VERJAARSDAE 23

## EKOLOGIE 24

**Plastiekvrye Julie** | *Geloof, verantwoordelikheid en 'n skoner skepping*

## AKTUEEL | ALGEMEEN 25

**26** | Kaapkerk webinaar: *Kerkwees in kubertyd*
**28** | Advertensies

## VBO-GELEENTHEDE 32

## KERKBODE BROKKIES 33

## WAT'S NUUS? 35
## KALENDER
## VAKATURES/AFLOSLYS
## PREDIKANTENUUS

## 'N LAASTE GEDAGTE 37

**Hannes du Plessis** | *'n Flâneur op die pad*

## KONTAK ONS 38




# 160 Geseënde jare van Kerk-wees

*Eertydse sinode-voorsitter, dr Lourens Erasmus vertel ...*



**VISIONERING**
*Mariëtte Odendaal*

Hierdie jaar vier ons die 160ste bestaansjaar van die Vrystaat Sinode; 'n besondere voorreg omdat dit vir ons as Christene al vir meer as 'n eeu en 'n half deur oorloë, droogtes en vele ander lewenskrisisse en sosiale kwessies help dra het.

Om werklik kerk te wees en leiding oor geslagte heen aan duisende kerkleiers en gemeentelede te kon help gee, was dit nodig om ervare mense met diep insig en wysheid aan die stuur van ons sinode te kon hê.

Ons het met vyf van ons vorige sinode-voorsitters wat nog leef, gaan gesels om te hoor hoe hulle hierdie uitdagende taak in hul onderskeie termyne beleef het.

Ons eerste gesprek was met **prof Pieter Potgieter**, sinode-voorsitter van 1987 en 1995, asook van die Algemene Sinode van 1994. Ons tweede gesprek was met **prof Piet Strauss**, voorsitter van die Vrystaat Sinode in 1999 en 2005, asook voorsitter van die Algemene Sinode in 2007.

NG Kerk Vrystaat – 160 JAAR VAN LIG IN DUISTERNIS – GEES | RUS | LEEF

Ons derde gesprek is met dr Lourens Erasmus wat vanaf 2003 tot 2005 voorsitter van die Vrystaat Sinode en moderamen was. Hy was vir baie jare in die Vrystaat waar hy ook studeer het en in Welkom predikant was. In 2006 het hy die bediening verlaat en betrokke geraak by 'n private tersiêre instelling in Pretoria en is sedert 2017 'n Kapenaar nadat hy as hoof van 'n soortgelyke instelling aangestel is.

**Lourens, wat beskou jy as die grootste hoogtepunte en uitdagings in jou tyd as voorsitter van die sinode en moderamen?**

"Ek is in 2003 by die Vrystaat Sinode vir 'n termyn van twee jaar verkies. Tot in daardie stadium is daar, sedert die ontstaan van die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van die Vrystaat, slegs senior professore van die fakulteit as voorsitters van die sinode verkies, soos proff Pieter Potgieter en Piet Strauss.

**Lees meer** »

NG Kerk Vrystaat

# 160 JAAR VAN LIG IN DUISTERNIS

## GEES | RUS | LEEF

Esegiël 37:14

*"My **Gees** in julle, en in julle, **lewe**; en in julle land, **rus**."*

NG Kerk Vrystaat



# VROUERETREAT

## 08 - 10 AUGUSTUS 2025

# WEES
## stil & weet

*Psalms 46:11*

**Menuha**
*08 - 10 Augustus 2025*

**Aanbieder**
*Magdaleen du Toit*

**Besprekings**
*Marietjie van der Merwe*
076 113 9601
vrouelidmate@gmail.com

vb
VROUEBEDIENING

NG Kerk
Vrystaat

VISIONERING

**VISIONERING**
Vrouebediening
*Mariëtte odendaal*

***Foto's:*** *Menuha (verskaf deur ds Jan Lubbe)*







# Vroue-*retreat*

## "Wees stil en weet"

Ons is al diep in die tweede helfte van die jaar – moeg van al die verantwoordelikhede en soms oorweldig deur alles en almal wat op ons aandag aanspraak maak.

Maar hier is goeie nuus: Jy word hartlik uitgenooi na 'n besondere naweek van stilword, rus en geestelike vernuwing.

**Datum:** 8 – 10 Augustus

**Plek:** Menuha Retreatsentrum – 35 km buite Bloemfontein op die Brandfort-pad

**Koste:** R1 900 per persoon (sluit verblyf, etes en alle programmateriaal in)

**Vervoer:** Elke deelnemer reël eie vervoer. Die pad is maklik toeganklik.

**Waarom Menuha?**

Menuha beteken "plek van rus" – en dit is presies wat hierdie retreat jou bied. Dis 'n ruimte waar jy kan afskakel, weer in voeling kan kom met jouself en stil word voor God. In 'n tyd van gejaag en geraas, nooi Hy jou sagkens uit: "Wees stil en weet Ek is God." (Psalm 46:11)

**Wat kan jy verwag?**

- Refleksie, aanbidding en innerlike herstel.
- Stilte én betekenisvolle gesprekke.
- 'n Pragtige, rustige omgewing.
- Die program word aangebied onder die inspirerende leiding van Magdaleen du Toit.

**Waarom moet jy dit oorweeg?**

- Jy verdien hierdie tyd van rus.
- Jy is dit aan jouself verskuldig.
- En jy is nie alleen nie.

**Lees** meer »



**BEDIENINGSBEGELEIDING**
Spiritualiteit Netwerk
*Magdaleen du Toit*

# Netwerk vir Spiritualiteit se nuwe sameroeper

Ds Louwrens Scheepers, sedert Februarie vanjaar predikant van die NG Gemeente Philippolis in die Suid-Vrystaat, het pas oorgeneem as sameroeper van die Spiritualiteit-netwerk onder die 'sambreel' van Bedieningsbegeleiding. Hartlik welkom!

Magdaleen du Toit, vorige netwerk-sameroeper, het hom uitgevra en hy vertel:

My **lewensreis** begin in 1967 op Nelspruit, tans Mbombela. My **roepingsverhaal** begin in 1981 in Vryheid, Kwazulu-Natal. Een Sondagaand in die kerk luister ek as 13-jarige seun na Neil en Peggy Verwey wat vertel van hulle sendingwerk in Japan. En iets gebeur in my hart …

In 1991 voltooi ek my teologiese studie aan die Universiteit van die Vrystaat. Tydens ons studentejare trou ek en Gerda, 'n opgeleide musiekonderwyseres. Ons het drie kinders, Derik (32), Jana (29), getroud met drie kinders, en Andrea (24).

In 1993 kry ek my eerste beroep as predikant na die gemeente Risiville in Vereeniging. Dit is 'n tyd van groot politieke verandering in Suid-Afrika.

Ons bly nie ver nie van plekke waar die land brand en die politieke onstabiliteit in die omgewing groot is. Ek is jonk en onervare. Daar is baie vrae. In hierdie tyd kruis ons paaie met Petra-Instituut naby Witrivier (vroeër KEO – Kinderevangelisasie-opleiding). In 1995 gee ons as gesin 'n tree op 'n nuwe, onbekende pad: ons word voltydse personeel by Petra Instituut. Vir die volgende sewe jaar ry ons die land vol met die opleiding van kategete, kinderkerkleiers en ouers in gemeentes. En dan begin ons in Afrika reis. Aanvanlik Suider-Afrika en dan Wes-Afrika, veral Nigerië en Ghana. Ek leer oor Afrika, en ek word geleer deur die mense van Afrika.

Na sewe jaar by Petra-Instituut voel ek die drang om my vlerke nog wyer te sprei. Ons gaan woon en werk in Marokko, 'n Moslem-land in Noord-Afrika. Vir die volgende sewe jaar (2002–2009) is ek die "wettige" predikant van 'n "onwettige" Christen-gemeente in die stad Fes, 'n internasionale gemeente vir Engelssprekende buitelanders wat in die stad woon. Ons beleef kerk- en gemeente-wees op 'n nuwe, lewensveranderende manier.

**Lees** meer »

**BEDIENINGSBEGELEIDING**
Spiritualiteit Netwerk
*Magdaleen du Toit*

# Spirituele begeleiding drie opleiers gesels

Wat is spirituele/geestelike begeleiding? En is dit van waarde vir predikante in hul bediening? Hierdie vrae is die afgelope Dinsdag (22 Julie) onder die loep geneem tydens 'n VBO-geleentheid aangebied deur Excelsus, die Sentrum vir Bedieningsontwikkeling van die NG Kuratorium, Universiteit van Pretoria.

Die gesprek, gelei deur Excelsus-hoof dr Tom Smith, was met drie opleiers van die Sentrum vir Kontemplatiewe Spiritualiteit (SKS; 'n bedieningsfokus van die NG Ring van Suidoos-Pretoria) waar spirituele begeleiers opgelei word.

Die opleiers is George Angus, hoof van opleiding by SKS, voormalige NG-predikant en retreatleier van Restory Retreatsentrum naby Wakkerstroom; dr Marina van der Linde, leraar van Ooskerk Pretoria en aanbieder van die Viam Dei-kursus in haar gemeente; en Nicolin Hoffmann, gesoute spirituele begeleier met 'n fokus op kreatiwiteit.


Die afskopvraag was: Waar pas spirituele/geestelike begeleiding in die groter prent?

Calvyn het gesê: As ons God wil leer ken, moet ons onsself leer ken. Marina verduidelik: Die dieper, interne pad met God is 'n individuele pad, maar op hierdie pad het 'n mens steeds 'n metgesel, 'n gespreksgenoot nodig. Spirituele begeleiding is nie pastoraat nie: daar word nie raad of oplossings vir probleme gegee nie. Dis ook nie 'n sielkunde-sessie nie – die spirituele begeleier vervul 'n intensionele funksie in my geloofslewe om my te help luister en duideliker te sien wat God besig is om in my lewe te doen. Die impuls vir die gesprek kom uit die alledaagse lewe van die begeleide, sê Marina; die tema is dikwels bloot 'n alledaagse ervaring, "die aartappel wat vandag bo in die sak lê". Dis my taak as begeleide om te vra: "Hoe speel hierdie tema of ervaring in op die pad waarop God my lei?" Ek word nie voorgesê nie; die begeleier help my net om dieper te kyk, nuut te kyk, en te sien wat God vir my lewe begeer, soos dit selfs in geringe ervarings weerspieël word.

**Lees** meer »

**Foto:** *Canva*






*'n Vryhand-skets van Eugene Peterson se diagram waarvan die drie uiterlike sye bestaan uit 'Teaching', 'Preaching' en 'Admin', terwyl die innerlike hoeke 'Prayer', 'Scripture' en 'Spiritual direction' (spirituele begeleiding) verteenwoordig.*

# 'N UITNODIGING TOT STILTE

*vir jou*





Smag jy na stilte…tyd…
stap in die natuur…
musiek…kuns…
betekenisvolle gesprekke…?

**Wat as dit moontlik is om al hierdie (en meer) te kry op 'n spesiale dorp in die Suid Vrystaatse platteland?**

'n Dorp met 'n spesiale karakter,
'n spesiale geskiedenis,
'n spesiale stilte…

Ons Stil Retraite is 'n geleentheid om deel te wees van 'n unieke ervaring in 'n unieke plek: **Philippolis!**

## WANNEER: SONDAG 21 SEPTEMBER – VRYDAG 26 SEPTEMBER 2025

Om die heel meeste uit hierdie spesiale retraite program te kry moet jy vir die volle vyf dae kom.
Daar is egter ook die opsie om slegs 'n deel van dit by te woon, met die minimum vereiste dat jy ten minste vir **twee nagte** oorslaap – enige twee.

**Die eerste tien predikante wat inskryf kry hul eerste twee nagte gratis**
**EN**
**kan VBO punte verdien!**

15 VBO-punte
VBO
TAAKSPAN

**VIR ALLE VERDERE INLIGTING:**
**KONTAK DS LOUWRENS SCHEEPERS OP WHATSAPP BY 072 115 0057 OF PER EPOS BY LOUWRENS@INTEGERNETWORK.COM**

# Wat wil die *Netwerk vir Spiritualiteit* doen?

BEDIENINGSBEGELEIDING
Spiritualiteit Netwerk
*Ds Louwrens Scheepers*

# Spirituele begeleiding vir predikante

*"Kom julle alleen saam na 'n stil plek toe en rus 'n bietjie."*

***Markus 6:31***



**Lees** meer »

Vir baie van ons in die Gereformeerde tradisie is bediening 'n plek van erns, gereedheid en verantwoordelikheid. Maar juis in hierdie toewyding verloor ons maklik kontak met ons eie innerlike lewe. Ons weet hoe om vir ander te bid, te preek en te sorg – maar wie help ons om eerlik na ons eie siel te luister?

**Die Spirituele Netwerk wil seker maak dat ons ruimtes skep waar predikante die kans kry om te kan rus**. Ruimtes van stilword, van stadige, gebedsvolle onderskeiding waar die Gees die ware Begeleier is.

***Hoe wil ons dit doen?***

Ons het geakkrediteerde spirituele begeleiers wat vir predikante spirituele begeleiding kan aanbied. En dan wil ons ook **retraites** vir predikante aanbied. Veral retraites met die fokus op stilte. Waar God weer in die stilte ontmoet word.

Liewe kollega,

Wanneer laas het jy diep asemgehaal in God se teenwoordigheid?

Ons wil graag vir jou so 'n ruimte skep.

**Geestelike begeleiding** is 'n eenvoudige, maar diepgaande ruimte van luister. Dis 'n een-tot-een gesprek waar 'n begeleier jou help om te onderskei wat God in jou lewe doen — sonder oordeel, sonder vinnige oplossings.

Dis nie terapie of mentorskap nie. Dit is nie *coaching* (lewensbegeleiding) nie. Dis eerder 'n plek van stadige, gebedsvolle onderskeiding. Die Gees is die ware Begeleier; die spirituele begeleier is net 'n medereisiger wat jou help om God se stem duideliker te hoor.

***Waarom is dit nodig vir predikante?***

Omdat predikante dikwels almal versorg — behalwe hulself. Ons preek dat Christus leef en lei, maar hoeveel ruimte laat ons vir daardie leiding in ons eie lewe?

# DEGNOS-dinge

**VENNOTE IN GETUIENIS**
DEGNOS
*Andries Gous*

Liewe vriende van DEGNOS

## Jeugbediening in Luhebu-Noord-gemeente is aan die brand

Sedert die 1ste Junie is Mishe Matteus voltyds deur DEGNOS aangestel as die jeugwerker vir die Luhebu-Noord-gemeente. Mishe se rol is om die jongmense te bedien wat ná die jeugkampe besluit het dat hulle die Here Jesus wil volg. Mishe was die afgelope week in die Omatako wyksgemeente (deel van die Luhebu-Noord-gemeente) waar hy met 60 jongmense tyd deurgebring het in hulle strewe om spoorsnyers te wees wat Jesus se spore volg.




## Kanovlei se kinderbediening


Broer Visser Njamba vertel dat daar 'n groep van 44 kinders bymekaargekom het om die Evangelieboodskap te hoor, Bybelstories te leer en speletjies te speel op Kanovlei. Kanovlei is ook een van die wyksgemeentes van die Luhebu-Noord-gemeente. Dank asseblief saam met ons die Here vir die wonderlike nuwe lewe wat daar in hierdie gemeente se kinders is, en bid asseblief dat hierdie nuwe lewe sal aansteek na die grootmense van die !Kung-gemeenskap en alle ander volke in hierdie area.

## Ds Johannes Aucamp doen opleiding op Mangetti Duin

Die Aucamp-familie het die laaste week van hul drie maande lange besoek in Namibië in Mangetti Duin deurgebring waar 'n hele aantal van die gemeenteleiers opleiding ontvang het in praktiese dissipelskap: hulle het onder andere geleer om beter te verstaan hoe die bril waardeur ons na die wêreld kyk, ons eie wêreldbeskouing beïnvloed. Ons by DEGNOS sê baie dankie aan Johannes, Lizaan, Louwrens, Arina en Lizane vir die opoffering wat hulle gemaak het om vir die laaste drie aande te kom help met opleiding hier in die noord-ooste van Namibië.

***Foto's** verskaf*




**Lees** meer »

# DAGBOEK DIE DATUM

## Sendingkonferensie

20 September 2025



## Vennote in Getuienis

in samewerking met Pellissier-gemeente en Geopende deure beplan 'n Sendingkonferensie op 20 September 2025.

## DIE **EINDES VAN DIE WÊRELD** OP MY VOORSTOEP

Ons beoog om die volgende **temas** aan te spreek tydens die konferensie:

1. **Van oral na oral, deur almal na almal**
2. **God in die wêreld van werk**
3. **Diens en/of getuienis-paneelbespreking**

**Daar gaan ook wegbreek-sessies wees oor die volgende temas:**

- Islam
- Kinderevangelisasie
- Praktiese evangelisasie

**NAVRAE**

Rikus Hattingh
**084 620 6000**

# DIE TOEKOMS VAN VERLEDE

***Watter invloed het die ontwikkeling van tegnologie op die bewaringsmetodes van Argiewe en hoe moet ons by hierdie tendense aanpas om steeds relevant te bly?***

ATA KONFERENSIE

**09** | **September** 2025 | **09:30** vir **10:00**

**R350** p/p

**Sluit verversings, middagete en 'n begeleide toer deur die museum in**

**Oorlogsmuseum** | Monumentweg 25, Generaal De Wet, Bloemfontein

**Navrae**

**Tertius** Botha | **tbotha@ngkvs.co.za** | **051 406 6700**

NG Kerk Vrystaat

*Dr Enrico Casaleggio*

# iSLAM

## Hoe reageer ons op die statistiek dat Islam vinniger as die Christendom groei?

In die vorige artikel het ons gesien dat, volgens die Pew Research Centre se verslag van Junie 2025, Islam tans die snelgroeiendste geloof wêreldwyd is, hoofsaaklik weens natuurlike demografiese groei, dit wil sê hoër geboortesyfers en 'n jonger gemiddelde ouderdom in Moslem-meerderheidstreke soos Sub-Sahara-Afrika en die Midde-Ooste. Terselfdertyd neem die aantal mense wat hulself as godsdienstig ongebonde identifiseer ook toe, veral in Westerse lande.

'n Belangrike vraag is hoe ons as Christene liefdevol op dié verslag behoort te reageer. Daar is seker baie goeie antwoorde op hierdie vraag, maar dit kom waarskynlik op die volgende neer:

**Erken die data met nederigheid**. Ons aanvaar die demografiese realiteite van hierdie verslag sonder vrees of 'n verdedigende houding. Ons behoort weer die saak te beklemtoon dat die Kerk se roeping nie oor getalle gaan nie, maar oor getrouheid aan Christus se oproep om lief te hê, te dien en te getuig.

**Verstaan die aard van die groei soos beskryf in die Pew-verslag**. Dit is belangrik om in gedagte te hou dat Islam se groei, volgens hierdie verslag, hoofsaaklik demografies is en hoegenaamd nie deur massabekerings nie. Ons behoort daarmee saam te beklemtoon dat die Christendom steeds die grootste geloof wêreldwyd is, al het die getalle in sekere streke afgeneem.

*Hierdie reeks Islam-artikels het 'n eiesoortige aanslag. Hierdie is 'n opvolg-artikel wat handel oor 'n verslag van die Pew Research Centre wat bevind het dat Islam die snelgroeiendste godsdiens in die wêreld is.*

**Herbevestig dissipelskap en evangelisasie as doel van die kerk.** Ons behoort te fokus op die verdieping van gelowiges se geloof eerder as net getallegroei. Hierdie verslag is vir ons 'n oproep om opnuut verhoudinggedrewe evangelisasie aan te moedig. Nou, meer as ooit, behoort ons te fokus op die verkondiging van die evangelie met 'n gesindheid van liefde, gasvryheid en integriteit.

**Betrek die "nones" met deernis.** Die "nones" is mense sonder enige godsdienstige affiliasie, wat nou die derde grootste groep ná Christene en Moslems is, met 24% van die wêreld se bevolking wat hulself as sodanig identifiseer. Baie "nones" is nie vyandig teenoor geloof nie. Hulle is dikwels eerder teleurgesteld in die kerk, of godsdienstig nuuskierig. Die Kerk kan deur egtheid en christelike liefde aan hulle 'n gemeenskap (geestelike tuiste), doel en hoop bied in 'n gefragmenteerde wêreld.

**Vier die groei in die wêreldwye Kerk**. Die Christendom groei vinnig in dele van Afrika, Asië en Latyns-Amerika. Die Kerk behoort hierop te let en daardeur geïnspireer te word. Nog 'n paar sake wat ons in reaksie op hierdie verslag behoort te onthou, is dat ons dit moet vermy om Islam as 'n bedreiging voor te hou. Dit kan Moslems vervreem en 'n vlek laat op die evangelie se aanslag van liefde.

Hou ook in gedagte dat demografie nie die toekoms bepaal nie.

**Lees** meer »

# Tussen berge en mense

**ALGEMEEN**
Teologiese Opleiding
*Ethan Kleynhans*

Maandagoggend, 23 Junie. Die lig lê nog bleek oor die kerkgronde toe ons begin pak. Die groot wit bussie staan soos 'n rustende dier. Ek en ds Van Velden, Kopanong se predikant, is die enigste mans tussen die groep en haal met stil vasberadenheid die agtersitplekke uit vir ekstra pakplek. Die meisies beweeg in stilte met hul tasse en rugsakke, 'n fyn spanning van afwagting om hul skouers gedrapeer.

Teen eenuur die middag ry ons oor die grens by Maseru. Die grenspos staan vol en besig in die winterson. In Maseru koop ons kos vir twee nagte – brode, lemoene, maalvleis, rys, soppoeier – en laai dit agter in die bussie langs slaapsakke en klere. Die pad kronkel suid tot by Morija Theological Seminary waar ons die eerste twee nagte deurbring.

Die studente daar is met vakansie. Hulle kon huis toe gaan, maar wag vir ons. Ons stap tussen klipgeboue en bome wat stil in die koue wind staan. Daar is geen water nie. Vir sommige van ons is dit die eerste keer om 'n longdrop te gebruik, om met 'n waskom te was. Dit bring 'n ander soort stilte in jou, jy leer om jou eie liggaam te dra sonder kla.



***Foto** verskaf*

Dinsdagoggend wys hulle vir ons die dorp: die verpleegsterskool, die ou drukkery, die kerk wat Franse sendelinge in 1833 gebou het. In daardie kerk sit ons en hoor die stemme van die verlede in die klipmure fluister. Later stap ons op 'n bergpad en kyk oor die wêreld soos dit onder jou oopvou: golwende heuwels, krale, vuurrook in die verte. Daardie aand hou ons godsdiens saam met die studente. In die klein vertrek sit ons in 'n kring om 'n tafel, stil na mekaar en luister. Ek onthou net die gevoel van warmte en stilte wat soos 'n kombers om ons vou.

**Lees** meer »



**2-4 September** **eMseni Christelike Sentrum, Benoni**

# Slypskool vir Skrywers 2025

Kom skryf en leer saam met ander kreatiewes oor vanjaar se tema: Die rol van diensleraars in die NG Kerk

**R3 600** per persoon (verblyf en etes ingesluit)

**30 VBO-punte** vir bywoning

**Aanbieders en gassprekers**

**Taakspan Navorsing:** Prof Cobus van Wyngaard, dr Suzanne van der Merwe, dr Pieter van der Walt en ander.

Le Roux Schoeman (redakteur: **Kerkbode**), Khuthalani Khumalo (media-kennner).

Aansoeke: Stuur 'n e-pos met 'n kort motivering van hoekom jy wil bywoon na Riata Nel via riata@kaapkerk.co.za

**ALGEMEEN**
Leraar van NG Gemeente Kroonstad
*Ds Joe Müller*

# Die stigting van die eerste Teologies-kategoriale Ring van die Vrystaat




Op Vrydag 13 Junie 2025 het ’n geskiedkundige gebeurtenis plaasgevind. Drie gemeentes, NG Gemeentes Harrismith, Kroonstad en Parys-Suid het by Harrismith-gemeente bymekaargekom om die eerste Teologies-kategoriale Ring van die Vrystaat te stig. Ons Ring se naam heet ook so: Die Teologies-kategoriale Ring van die Vrystaat. Die naam is só gekies om dit so breed en wyd as moontlik te maak, ingeval ander gemeentes later sal bykom. Dit is die eerste keer dat gemeentes in ’n verband met mekaar staan, nie op grond van geografiese ligging nie, maar op grond van teologie en geloofsoortuigings.

Die Kategoriale Ring wil gemeentes in die NG Kerk bymekaarbring wat dieselfde teologiese oortuigings het. Die doel is om eensgesind en getrou aan God se woord, gemeente te wees saam met ander gemeentes wat dieselfde oortuiginge het. Ons teologiese beleid bevestig die Bybel as geïnspireerde, genoegsame, onfeilbare Woord van God wat ons moet rig en stuur. Dit is ons baken waarby alle kerklike besluite geneem moet word. Die Skrif geld vir alle mense vir alle tye en daarom moet die Kerk ’n teen-kultuur wees wat die Woord bo alle menslike invloede en interpretasies plaas.

Daarom het die Ring weer ons geloof in God Drie-enig verklaar, die gesag van die Bybel bevestig, Jesus as enigste Verlosser tussen mens en God erken, die krag van die Heilige Gees bely, die regverdigmaking van sondaars, en die belang om die Bybelse evangelie en verlossingsleer te verkondig. Daarom is ’n groot deel van die eerste Ringsitting gewy aan ’n teologiese inslag in die vorm van ’n gespreksdokument* vir die Ring wat hierdie sake bevestig.

Die Ring is steeds deel van die NG Kerk, maar die Ring stem nie saam met die huidige besluite van die Vrystaatse Sinode en Algemene Sinode nie.

**Lees** meer »

# Tot siens, Carlie

## ONS GAAN JOU MIS!

*"Ek glo daaraan om altyd jou beste te lewer, hard te werk vir wat jy wil bereik en jou toekoms met vertroue in die Here se hande te plaas. Hy maak drome en visies waar."*

***Carlie Niehaus***



"Carlie se kreatiwiteit, toewyding en innemende persoonlikheid het 'n blywende indruk op ons departement en die breër span van die NG Kerk Vrystaat gemaak," vertel Celicia McLean, bestuurder van ons sinode se Departement Kommunikasie en Bemarking waar Carlie tot einde Junie werksaam was. "Sy het nie net met uitnemendheid en flair aan elke projek gewerk nie, maar ook 'n gevoel van warmte en samehorigheid gebring waar sy beweeg het. Sy het die vermoë om selfs die mees alledaagse take met betekenis te vul, en haar fyn aanvoeling vir mense en probleem-oplossing het ons werk en ons span verryk (selfs al was 'lidmate' soms 'ledemate' en 'members' per ongeluk 'membrane'!) – en juis daarin het haar uniekheid en opregtheid gestraal."

"Ons neem afskeid van 'n persoon wat met haar borrelende geaardheid diep spore by ons in die kantoor getrap het. Carlie was altyd vasgenael voor die rekenaar – altyd besig om hard te werk – maar die oomblik as jy inloer, het sy met so 'n vriendelike glimlag opgekyk en dan altyd tyd gemaak vir 'n mens. GEDULD met ons minder tegnologies-vaardige kollegas en vriendelike teenwoordigheid sal beslis gemis word." So sê Anelia van den Blink wat by Bedienings-begeleiding en die seminarium betrokke is.

"Die plek gaan nooit weer dieselfde wees sonder haar nie," sê Helena Smith wat by die Argief werk. "Sy is die hardwerkendste persoon wat ek al ooit gesien het. Carlie is altyd vriendelik en positief. Sy het ook altyd tyd gemaak as jy 'n probleem het, al was sy hoe besig."

Lianie Delport by Ontvangs onthou Carlie vir haar vriendelikheid en sagte hart.

Lees meer »

NG Kerk Vrystaat | SCHINK | JONK | CLF

**R150 per boek**

# DIE VERLORE SKAPIE

BLÊR

deur MARTIN SCHWELLA








## Die Verlore Skapie

https://shop.clf.co.za/product/die-verlore-skapie/





## The Lost Little Lamb

https://shop.clf.co.za/product/the-lost-little-lamb

# BOEKE NOU AANLYN TE KOOP

NAVRAE | skakel@ngkvs.co.za

# MEDIATEEK




## *Sinopsis*


## Hermie van Zyl

Het jy al gesien wanneer jy die Evangelies in die Bybel lees dat jy telkens onder die opskrif van elke perikoop verwys word na die parallelle materiaal by die ander Evangelies? Byvoorbeeld, by Matteus 8:23-27 is die opskrif: "Stilmaak van die storm." En onder die opskrif staan daar: Mark 4:35-41; Luk 8:22-25. Dit beteken jy kan gaan kyk by Markus en Lukas hoe hulle hierdie selfde gebeure beskryf.

Maar nou ontsien jy die moeite om na Markus en Lukas toe te blaai, want dis weer 'n klomp ekstra blaaiwerk. En as jy tog die moeite doen, dan is dit weer 'n gesukkel om die Bybel by drie plekke gelyktydig oop te hou en heen en weer te blaai om te sien hoe die drie beskrywings ooreenkom en verskil. En so verloor mens die draad en op die ou end gee jy maar moed op. En so ontbeer jy eintlik 'n belangrike manier van Bybellees, naamlik vergelykende Bybelstudie.

Hierdie Sinopsis los nou jou probleem op. Dit stel jou in staat om die parallelle gedeeltes gelyktydig op een bladsy oop te hê voor jou, gerangskik in drie kolomme, Matteus, Markus en Lukas. Wat meer is, die parallelle word so gerangskik dat jy hulle reël vir reël kan vergelyk. En om alles te kroon is dit op 'n baie letterlike manier uit die oorspronklike Grieks in Afrikaans vertaal sodat jy selfs op woordvlak die ooreenkomste en verskille kan sien. En dan die kersie op die koek: Agter in die sinopsis is daar 'n Afrikaans-Griekse Woordelys waar jy kan sien watter Griekse woord die Afrikaans onderlê.

Hierdie sinopsis maak 'n nuwe wêreld van Bybellees oop. Dit laat jou op 'n maklike manier Skrif met Skrif vergelyk. Nie net ontdek jy die merkwaardige manier waarop die eerste drie Evangelies met mekaar ooreenstem nie, maar ook hoe hulle verskil – hoe elke Evangelie op 'n unieke manier die verhaal van Jesus vertel.



Hermie van Zyl was voor sy aftrede vir 30 jaar professor in Nuwe Testament aan die Fakulteit Teologie, Universiteit van die Vrystaat. In hierdie tyd het hy vir ses jaar as dekaan diens gedoen. Hy het etlike jare gedien in die Raad van Direkteure van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, en was ook mede-vertaler van die 2020-Afrikaanse Bybelvertaling.

Bestel van:
Tertia Swart
078 648 8616

tertia@naledi.co.za **OF** www.naledi.co.za

i

BESKIKBAAR IN JUNIE 2025
CHRISTELIK
HARDEBAND
FORMAAT: 297 X 210 mm
PRYS: R475.00
352 BLADSYE
ISBN 9781067234638

b

- BOEKBEKENDSTELLINGS IN HOOFSTROOM-MEDIA
- WYE BEKENDSTELLING OP SOSIALE MEDIA
- BEKENDSTELLINGS OP ANDER MEDIAPLATFORMS
- BEKENDSTELLINGS OP DIE ONDERSKEIE RADIOSTASIES
- EIE REKLAME DEUR DIE SKRYWER

naledi
www.naledi.co.za


WHT
Konferensie
Nadenke oor die Belydenis van Nicea
NHKA
Pretoria-Oos
12-13
Augustus 2025
12 Augustus
10:00 (Registrasie)
11:00 (Opening en verwelkoming)
R600
met verversings
enkelsessies gratis (sonder ete)
RSVP
28 JULIE
met betaling
Navrae
PROF WIM DREYER
wimdreyer@nhk.co.za
PROF JOHAN VAN DER MERWE
johan.vdmerwe@up.ac.za
DR CHRISTO PRETORIUS
christo@pretoriafm.co.za
DR ANTIONETTE JANSE VAN RENSBURG
antoejvr@gmail.com
Uitnodiging deur
Die Werkgemeenskap Historiese Teologie (SA) in samewerking met die Departement Sistematiese en Historiese Teologie van die Universiteit van Pretoria


WHT
Program
12-13 Augustus 2025
KRY DIT HIER

Nagraadse Studies

THEOLOGY AND RELIGION
TEOLOGIE EN RELIGIE

# Mandela Day 2025

## Theology that touches lives

*Inspiring excellence. Transforming lives.*



***Lethabo Machabaphala***
*Marketer: Faculty of Theology and Religion, UV*

VISION130 Renew and Reimagine for 2034 | UFS Theology and Religion

**This Mandela Day, the Faculty of Theology and Religion didn't just honour a legacy - we lived it.**

On the 18th of July, in partnership with the UFS Library, Makerspace, and Financial Planning Law we helped launch a brand-new library at the Heidedal Child and Youth Care Centre. It was more than bricks, books, and shelves. It was about presence. It was about showing up for children who deserve to be seen, for a community that matters, and for a vision of theology that doesn't just sit in books but breathes in real places with real people. From joyful painting to shared lunch and laughter with the kids, the day reminded us why we do this work.

For the children, it was a day of dignity. They weren't just visitors to the library, they were its owners. Their smiles told us everything: *"I matter. I am seen. I belong."*

For the staff at Heidedal CYCC, it was a quiet affirmation that their everyday work, often done without applause, is seen and honoured. For us as a faculty, it was a clear echo of our commitment to theology that walks. Theology that listens. Theology that restores.

This is aligned with our broader vision: to build meaningful, sustainable partnerships that create lasting impact. Mandela Day reminded us that community engagement isn't an event - it is a rhythm. One that requires consistency, humility, and collaboration. That's how we grow.

To our students and staff, thank you for carrying the spirit of Mandela with such heart. To our partners, thank you for walking this road with us. And to the young people of Heidedal your stories are sacred. And we're listening.

*This wasn't just a day of service. It was a day of hope in action. May we keep showing up. Always.*




***Photo** provided*

Read here »

# VERJAARSDAE




ngkerkvrystaat.co.za

Wense van voorspoed, God se seëninge en genade vir die nuwe lewensjaar.

**JULIE**

28 Dr Juppi Steurer
SASOLBURG-FONTEIN

29 Ds André van Staden
FICHARDKRUIN

**AUGUSTUS**

05 Mev Anelia van den Blink
SINODALE KERKKANTOOR

06 Ds Jacques Else
ESTOIRE



# Plastiekvrye Julie

**BEDIENINGSBEGELEIDING**
Ekologie Netwerk
*Mariëtte Odendaal*

## GELOOF, VERANTWOORDELIKHEID EN 'N SKONER SKEPPING

*"Die aarde en alles wat daarop is, die wêreld en dié wat daar woon, alles behoort aan die Here …" Psalm 24:1 (1983-vertaling)*

Elke jaar neem mense wêreldwyd gedurende Plastiekvrye Julie 'n doelbewuste besluit om hul gebruik van plastiek te verminder. Maar waar het dit begin en hoe kan ons as Christene hierby aansluit – nie net as omgewingsbewustes nie, maar veral as rentmeesters van God se skepping?

### Hoe het Plastiekvrye Julie ontstaan?

Plastiekvrye Julie het in 2011 in Australië begin as 'n plaaslike inisiatief van die *Plastic Free Foundation*, met die doel om mense bewus te maak van die skadelike gevolge van weggooiplastiek.

Hierdie klein begin het vinnig gegroei tot 'n wêreldwye beweging in meer as 190 lande. Miljoene mense neem nou elke jaar deel – individue, skole, kerke, besighede en gemeenskappe.

**Lees** meer »

# AKTUEEL EN ALGEMEEN




**PRODUK KATALOGUS**
**PRODUCT CATALOGUE**

Own products included

Visit shop.clf.co.za for Bibles and Sourced products

CLF RETAIL HANDEL

order@clf.co.za 021 873 6964 shop.clf.co.za












Kontak vir Leon (**leon@ngkvs.co.za / 083 503 6674**) vir meer besonderhede

Die amptelike afskeid met emeritaat van
André van Staden

Datum: Sondag 27 Julie 2025 om 9uur

Plek: NG Gemeente Fichardtpark,
Landman str. 2
Fichartdpark
Bloemfontein






**Voel jy soms uit pas met jouself, met tyd, of selfs met God?**

Sinkroniseer! Vind jou ritme. Leef met sin. Lees hierdie boek stadig. Of sommer net ’n sin op ’n slag. Dit is ’n metgesel vir jou reis – nie ’n dagboek of ’n plig nie, maar ’n uitnodiging tot ’n dieper lewe in pas met God.





**’n Kind in jou gemeenskap ken die liefde van Jesus danksy jou.**

Met die ondersteuning van ons lojale donateurs bring Bybel-Media al vir meer as vyftig jaar kinders nader aan Jesus. Inisiatiewe soos ons vlagskipveldtog BybelBouBlokke stel ons in staat om kinders in hulle geloofsvorming te ondersteun. Elke BybelBouBlok help ons om projekte aan te pak om kinders nader aan Jesus te bring.




Ontdek opnuut God se onbeskryflike grootheid en heerlikheid met Dirkie van der Spuy se nuwe boek: ***GOD IS ...*** Laat jóú hart warm word hierdie winter wanneer jy lees en nadink oor 30 baie besonderse eienskappe van God.


JOIN THE CLF BOOK CLUB
50% DISCOUNT ON ANY ONE BOOK PURCHASE EACH MONTH
Become a CLF Book Club member:
• Click here to subscribe - http://ow.ly/nAH750HWif1
• A new Book Club member account will be created for each new member
• Members will receive a 50% discount on any one book purchase per month
• Members can purchase more than one book per month, however the 50% discount will apply to one book only during that month.
• Use your Membership account number for purchases - send an email to order@clf.co.za
You can also scan this QR code to subscribe -


AVAILABLE at
BESKIKBAAR by
CLF BOOKSHOP BOEKWINKEL
R25
R75
R225
R50
R199
R50
R25
R150
R50
R89
R100
R50


CLF RESOURCE HUB
WWW.CLF.CO.ZA
• OPEN SOURCE - Free Academic, Theology and Missional Publications
> https://clf.co.za/open-resource-library/
• E-PAMPHLETS - Free electronic Pamphlets - more than 400 within various themes
> https://clf.co.za/equip-communities/
• TOOLKIT FOR MINISTRY & MORE - Free material e.g. Pentecost series, Week of prayer
> https://clf.co.za/resource-toolkit/
CLF ONLINE SHOP
SHOP.CLF.CO.ZA
NEW FEATURES:
• SEARCH - easy, user-friendly & great!
• TABS - easy access to Main categories, CLF's Resource Hub & Bookshops' info
• LOOK INSIDE - new for CLF PUBS


novus media
EVOLVE
KWID
PROJECT OF HOP
2025
RENAULT KWID CL
with a value of R22
WWW.ENGO.CO.ZA


Lente Genadefees
Ten bate van
CHOC
Engo
Datum: Vrydag, 12 September
Tyd: 19:00
Plek: Geloofsentrum, Universitas
Koste: R100
KUNSTENAARS:
Riaan Naude · Ella Kotze · Levert Solomons
Du Preez & Jana Stoltz · Jaco Bezuidenhout · Ilse Fourie
Unimus Orkes onder leiding van Anton Esterhuyse
Met gaskunstenaar: Jannie Moolman
Kaartjies beskikbaar op Quicket
ROSESTAD 100.6 FM
TROTSE MEDIA BORG


Help us Warm Hearts and fill stomachs by Donating Soup ingredients.
You can donate:
Canned & Non-perishal
Cooking Utensils
Large pots and pans
Fresh vegetables
Engo


Afrikaans
30% AFSLAG
DIE BYBEL
2020-VERTALING
R419*
AANLYN EKSKLUSIEWE AANBOD
WAS R599
Volledige Bybel, medium-grootte, luukse bruin verwerkte leeromslag, goud-op-snee, duimindeks en kaarte.
www.bibleshop.co.za


Gewilde
Die Bybel vir almal
NOU BESKIKBAAR!
ISBN: 9780798225915
ISBN: 9780798225908
www.bybelgenootskap.co.za
bybelgenootskap
www.bibleshop


Vreesloos omdat Hy leef
NUWE LEESPLAN OP BIBLESA
BibleSA
BESOEK WWW.BIBLESA.CO.ZA
22 DAE

NG Kerk Vrystaat

Ring van Bethlehem van die NG Kerk bied aan

# (Met) Job in gesprek (met) . . .

10 VBO-PUNTE

## Dr At Lamprecht

Senior lektor: Skool vir Antieke Taal- en Teksstudies, Fakulteit Teologie, NWU

### EENDAGSEMINAAR

'n Akademiese verryking vir predikante en ander ernstige Bybellesers oor 'n Bybelteks wat bedek lê onder strata betekenis en wag om ontgin te word!

Woensdag
**10 September 2025**
**09:00 - 16:30**

**NG Kerk Bethlehem-Panorama**
Goldberglaan 20, Bethlehem

**10 VBO-punte**

**Koste: R 250 p/p**
Sluit tee, verversings en middagete in

Bankbesonderhede

**Ring van Bethlehem**
**ABSA Tjekrekening**
**0770 480 183**
Verwysing
**Naam & van + Job**

**RSVP & SKRYF IN** Donderdag **4 September 2025**
Ds Gideon Lamprecht @ **082 417 0507**

## MOTIVERING

Van die 'stiefkind' van die Bybel — die boek Job — het Totius eenmaal verleë opgemerk: *'Job weier om Afrikaans te praat!'* Hierdie opmerking som die verleentheid van 'n leser van Job op: om 'n behoorlike greep op die betekenis van woorde, konsepte, idiome, metafore, verse, soms selfs volledige hoofstukke te kry. Ongelukkig is toepaslike semiotiese prosesse wat die Jobteks verstaanbaar kon maak oor tyd verwaarloos, en dit het veroorsaak dat betekenisse in kultuurkonteks nie deur wetenskaplik begronde herinterpretasies, nuwe- of hervertalings geskep en herskep is nie. Die gevolg was dat die boek Job stadigaan in sy eie engheid verstik en weggesterf het. Die oorblyfsel is 'n uitgeteerde Job-boodskap waarin die boodskap soos water uit 'n nat lap gedroog en voorgehou word as die volledige Job-'evangelie'. In prediking, Bybelstudie en -lees het hierdie selektiewe fokus op Job se 'geïdealiseerde geloof' en 'geduld' gevolg — dikwels 'n voorbeeld van 'n onkundige, en soms oneerlike en lui omgang met die Bybelteks.

Die **(Met) Job in gesprek (met)**-eendagseminaar gaan van die aanname uit dat die Jobliteratuur in die Hebreeuse Bybel 'n sterk verwantskap met Babiloniese literêre genres, -semantiek, en -materiële kultuur vertoon en moeilik sonder hierdie agtergrondkennis passend oorgedra en vertaal kan word.

## SESSIE 1

In **sessie 1** van die dagseminaar gaan die agtergrond, samestelling, outeurskap, datering en vergelykende tekste van die Job teks bespreek word.

## SESSIE 2

Tydens **sessie 2** sal in meer besonderhede ingegaan word op die onderliggende kultuureie konsepte in Job 1 – 2 wat in 'n letterlike taalbenadering dikwels misgekyk word. Konsepte soos die orde-chaos-, takkraal-, moraliteit-, en doodkonsep, asook die vierdelige siel-samestelling, omen strukture, metafore, getallesimboliek, Namburbi-rituele voorskrifte, die vroulike LamaStu teisterings, Yahweh en die satan se rolle in die panteon, gaan bespreek word.

## SESSIE 3

**Sessie 3** delf dieper in die konsep van 'n Gibor (beloftemens) teenoor 'n gewone mens, hemerologiese kalendertekste, 'n (omgekeerde) ou Nabye Oosterse wêreldbeeld, kleur en klank as pilare van die skepping, kosmogonie teenoor theogonie, en die metaforiese uitdrukkings van 'n verdere teistering, naamlik depressie.

## SESSIE 4

**Sessie 4** word gelei deur 'n kliniese sielkundige/mediese dokter/psigiater wat agtergrond gaan verskaf oor kliniese depressie.

## SESSIE 5

**Sessie 5** gaan in groepwerk verdeel waarin gestruktureerde gedagtes uitgeruil word om te teks van Job 1-3 prakties te laat geld.

## PROGRAM

| | |
|---|---|
| 08:00 | **Aankoms en registrasie** |
| 09:00 | **Sessie 1:** Job in konteks |
| 10:00 | **Tee** |
| 10:30 | **Sessie 2:** Job 1–2 in kultuur-historiese konteks |
| 11:30 | **Tee** |
| 12:00 | **Sessie 3:** Job 3 en die metafore van depressie |
| 13:00 | **Middagete** |
| 14:00 | **Sessie 4:** Kliniese depressie |
| 15:00 | **Tee** |
| 15:30 | **Sessie 5:** Praktiese 'preekmaak' oor Job en depressie |
| 16:30 | **Refleksie en vertrek** |

# VBO Ekosisteem

## DIE VBO EKOSISTEEM BESTAAN UIT:

**VBO TAAKSPAN**
'n Vennootskap tussen die VBO-sentra (Excelsus, NG Kerk Vrystaat en Communitas) en die tien sinodes van die NG Kerk.

**DIE ATP**
Die Algemene Taakspan Predikante gee jaarliks insette oor die behoeftes wat deur VBO aangespreek behoort te word.

Elke gelegitimeerde in die NG Kerk het 'n profiel op 'n databasis wat deur die **ABR** (Algemene Bevoegdheidsraad) onderhou word. Daar is ook riglyne oor die VBO punte wat 'n leier in die NG Kerk moet verwerf.

**SINODES**
Speel 'n belangrike rol in die implementering van VBO-programme en die ondersteuning van predikante.

**RINGE**
Fasiliteer leergemeenskappe en bied ondersteuning aan predikante en hou toesig oor die predikante se VBO betrokkenheid.

**KERKRADE**
Verleen verlof en befondsing vir predikante om aan VBO-aktiwiteite deel te neem.

**AKADEMIESE VENNOTE**
Fakulteite en dosente wat navorsing doen en kursusse aanbied.

*Oorgeneem uit VBO PROSPEKTUS: GESTUUR, GEVORM, GEROEP*

# OPLEIDINGSGELEENTHEDE



## SPELTERAPIE VIR PREDIKANTE

28 - 30 Julie 2025

30 VBO-punte

R500 p/p
In persoon
NG Fontainebleau

Lees meer +
**Registreer** +



## BRUGBEDIENING-KURSUSSE 2025

28 - 31 Julie 2025

70 VBO-punte

R3,100 p/p
NGK Stellastraat PTA
Prof Malan Nel

Lees meer +
**Registreer** +




## PATOS ONTMOETING MET HEILIGES

31 Julie 2025

VBO-punte

13:00 - 14:00
Aanlyn Teams
Dr Lisel Joubert

Lees meer +
**Registreer** +




## GODSDIENS AS VERWONDING IPV HELING

16 September 2025

5 VBO-punte

R275 p/p, 09:00
Aanlyn Zoom
Prof Wentzel Coetzer

Lees meer +
**Registreer** +

# KERKNUUS EN PUBLIKASIES

## KERKBODE BROKKIES | PUBLIKASIES

**kerkbode** BROKKIES

Kollig
Luister nou

Ondersteun Kerkbode
Maak 'n donasie



**Elders gesien**

Plastiek in ons oseane, ons kos, selfs ongebore babas – taakspan rig pleidooi

*23 Julie 2025*
*Kerkbode, Nuus*
*Heléne Meissenheimer*



Slypskool vir Skrywers 2025 | Kom skryf saam!

*17 Julie 2025*
*Kerkbode, Artikels*
*Le Roux Schoeman*



**Jan Lubbe**

Uit my Kerkdagboek: Van Sondag in Soweto na Woensdag in Mthatha: 'n Groter lied!

*17 Julie 2025*
*Kerkbode, Rubrieke*
*Jan Lubbe*




**Kollig-podsending**

'Lidmate en gemeentes is die hart van die NG Kerk' – Maartje van der Westhuizen met Barnard Beukman

*14 Julie 2025*
*Kerkbode*
*Luister, Nuus*




**Kollig-podsending**

Die kerk se stem in openbare debat-voering – Jan Lubbe in gesprek met Barnard Beukman

*10 Julie 2025*
*Kerkbode*
*Luister, Nuus*



Kerk wat werk-artikelreeks: Stellastraat se 3 V's: Vennote, verhoudings, verskil-maak


*10 Julie 2025*
*Kerkbode, Artikels*
*Heléne Meissenheimer*

Google **Play** kerkbode.christians.co.za **App Store**

CLF PUBLISHERS UITGEWERS

R260


## Decline Pity Parties & Invite Mercy




***Decline Pity Parties & Invite Mercy*** *is a bold and freeing invitation to trade toxic self-pity for God's life-giving mercy. In this honest and biblically grounded guide, Caylin Prince — electronic design engineer and self-proclaimed "professional pity party host" — shares her own journey from sulking to surrender, and equips readers to do the same. Exposing self-pity as a subtle but destructive trap rooted in jealousy, laziness, unforgiveness, and fear, Prince contrasts it with the empowering, healing nature of God's mercy. This book is for anyone tired of spinning in the same cycle of complaining and blame. It's a call to rise, to heal, and to walk in the freedom and strength that mercy brings.*

R375

## Care for Africa




***CARE FOR AFRICA: Witnesses of Earthkeeping and Ecological Justice*** *is a bold and essential contribution to the growing call for ecological justice, offering a powerful African response to the environmental crises threatening both people and planet. Far from a static textbook, this volume unfolds as a dynamic conversation — what the editors call a "living chorus" — uniting theologians, pastors, activists, and storytellers in witness to the groaning of creation (Romans 8:22) and the urgent need for both faithful theology and practical action. This is a book for all who long to live faithfully amid ecological breakdown — students, ministers, activists, educators, and believers — equipping them to respond with courage, creativity, and commitment to God's call for earthkeeping in Africa today.*

R230

## Lewedraende Kanale – Gemeentestrukturering




***Lewedraende Kanale – Gemeentestrukturering*** is die derde deel in prof Malan Nel se invloedryke reeks oor Gemeentebou. Met helderheid en oortuiging roep *Lewedraende Kanale* gemeentes op tot **struktuurvernuwing** as 'n dinamiese proses, gewortel in die wese van die kerk en gelei deur teologiese perspektiewe sowel as die praktiese eise van bediening. Hierdie werk bied waardevolle riglyne vir gemeentes wat werklik lewenskanale van Christus se genade en liefde in die wêreld wil wees.

# WAT'S NUUS?

KALENDER | VAKATURES | AFLOSLERAARS | PREDIKANTENUUS

NG Kerk Vrystaat

## Gemeentegebeure

Kalender | Belangrike datums

**KALENDER**

skakel@ngkvs.co.za
Adverteer hier

**VAKATURES**

**AFLOS**

kerkbode

## Interaktiewe Dagboek

Deel jou dagboek hier

**DAGBOEK**

woes@mweb.co.za
023 342 6030

**VAKATURES**

**AMPTELIK**

## VRYSTAAT PREDIKANTENUUS

**BEROEP** | **Ds Dylan Allen** van NG Gemeente Bothaville is op 18 Junie 2025 na die NG Gemeente Groblersdal beroep.

**BEVESTIGING** | **Ds Natasha du Plessis** het die beroep aanvaar vanaf NG Gemeente Luckhoff na NG Gemeente Delareyville-Oos. Haar bevestiging by NG Kerk Delareyville-Oos het op 13 Julie 2025 plaasgevind.

**RINGSITTING** | Die **85ste ringsitting van die Ring van Bethlehem** vind op Maandag 4 Augustus 2025 plaas vanaf 09:00 te NG Gemeente Bethlehem-Wes.




## ANDER SINODALESTREKE SE NUUS

# NAGMAAL



## ALLES WAT BENODIG WORD VIR JUL NAGMAALTAFEL

By CLF verstaan ons die heilige betekenis van die Nagmaal. Daarom bied ons 'n verskeidenheid gehalteprodukte aan wat jou gemeente help om hierdie spesiale geleentheid op waardige wyse te vier.


### Kelkiehouers



R715



R290



R685

### "Wafers"



R235.50 (500)

R75 (100)

R60 (10)

### "Pre-filled cups"



R7.50 elk

### Nagmaalwyn ("Sacramental wine")



R70 per 750ml bottel

Laat CLF jou bedieningsvennoot wees. Maak seker jou gemeente is ten volle toegerus vir die volgende Nagmaalgeleentheid – besoek vandag nog jou naaste CLF Boekwinkel of stuur jou bestelling na Laetitia by order@clf.co.za

https://shop.clf.co.za/ (27) 21 873 6964 order@clf.co.za

# ’n *Flâneur* op die pad

**ALGEMEEN**
Skriba van die Moderamen en leraar van
NG Gemeente Universitas-Wes
*Ds Hannes du Plessis*




**Foto:** *Ds Hannes du Plessis (verskaf)*

*“Wanneer laas het jy tyd gehad om soos ’n flâneur rond te drentel?"*

Die Franse het ’n woord, *flâneur*, wat dui op iemand wat in die stad ronddrentel sonder ’n bestemming. Maar, die woord het nie noodwendig ’n negatiewe konnotasie nie. ’n *Flâneur* stap nie rond om te kyk wat gesteel kan word nie, hy wil nie koop nie en stel nie belang om te proe nie. ’n *Flâneur* beweeg van plek tot plek en van mens na mens om te beleef. Daar is ’n mate van nuuskierigheid by ’n fláneur. Sy kyk met belangstelling wat mense dra, hoe hulle lyk en wat hulle sê. Hy stel belang in gesprekke en – hoewel hy nie sommer daaraan deelneem nie – word daar fyn geluister na wat in mense se harte leef. Die fláneur het ’n intense belangstelling in geboue, mense en gebeure, het nie ’n padkaart nie en daar is geen haas nie.

’n *Flâneur* gaan daar waar haar voete haar neem, en bly so lank dit nodig is. ’n *Flâneur* kan nie verdwaal nie en niks op die pad is ’n hindernis nie.

Teenoor die *flâneur* is daar die haastige reisiger wat by ‘n bestemming wil uitkom. As hy stop, word daar gekoop of geëet. Sy is haastig en het nie regtig tyd vir mense nie – veral nie vreemdelinge nie. Tyd is geld en hy moet by die huis kom. Sy haat dit om te verdwaal en het dikwels nie tyd om regtig die natuur, mense en geboue op die pad te waardeer nie.

Wanneer laas het jy tyd gehad om soos ’n *flâneur* rond te drentel? Wanneer laas het jy werklik die reis geniet en vir ’n oomblik vergeet van die bestemming? Wanneer laas het jy dankie gesê dat jy kon verdwaal, sodat jy iets nuuts kan beleef?

Mag ons hierdie seisoen nie so behep wees met die eindbestemming dat ons die “klein” wonderwerke, die mooi mense en die Here se teenwoordigheid op die pad mis-leef nie.

**Lees** hier »



# KONTAK ONS

REDAKSIE

**SAMESTELLER**

Celicia McLean (Redakteur), **cmclean@ngkvs.co.za**

**LUISTER-ARTIKELS**

Mariëtte Odendaal, Mediadiensverskaffer
Revoicer (TTS)

**PROEFLESERS**

Lisma Liebenberg
Cecilia Steynberg
Magdaleen du Toit

## NUUSGEBEURE INLIGTING BYDRAES

**voor 12:00 Dinsdae**
na cmclean@ngkvs.co.za

Teken in op **VRYPOS**
Kanselleer **VRYPOS**

**NG KERK VRYSTAAT**
Departement Kommunikasie en Bemarking
**051 406 6700 (k)** | **072 151 9799 (s)**
**skakel@ngkvs.co.za**

ngkerkvrystaat.co.za

Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bfn 9301
Posbus 11412, Universitas 9321

© 2025 NG Kerk Vrystaat | **VRYWARING**

NG Kerk
Vrystaat

**NG KERK VRYSTAAT | © 2025**

Departement
KOMMUNIKASIE EN BEMARKING